basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LEWENSORIËNTERING

# EKSAMENRIGLYNE

# GRAAD 12

# 2021

**Hierdie riglyne bestaan uit 12 bladsye.**

## INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | **3** |
| **2.** | **ASSESSERING IN GRAAD 12** | **4** |
| | 2.1 Formaat van eksterne Algemene Assesseringstaak (AAT) | 4 |
| | 2.2 Uiteensetting van die eksamen | 5 |
| | 2.3 Kognitiewe vlakke | 6 |
| | 2.4 Taksonomie van denkvaardighede | 7 |
| **3.** | **DIEPTE/OMVANG VAN INHOUD** | **8** |
| **4.** | **PUNTETOEKENNING** | **9** |
| **5.** | **INHOUDS- EN KONTEKSRIGLYNE** | **10** |
| **6.** | **HULPBRONNE** | **11** |
| **7.** | **NASIENRIGLYNE** | **11** |
| **8.** | **SLOT** | **12** |

## 1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Lewensoriëntering beskryf die aard en doel van die vak Lewensoriëntering. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat(NSS)-eksamen in Lewensoriëntering geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die skoolgebaseerde assessering (SGA) nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*: Lewensoriëntering
- Die Nasionale Protokol vir Assessering: *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

### 2.1 Formaat van die eksterne Algemene Assesseringstaak (AAT)

- Die eksterne Algemene Assesseringstaak sal bestaan uit 'n 100 punt-vraestel van ten minste 2½ uur.

- Alle onderwerpe en subonderwerpe in die graad 12-KABV sal geassesseer word, wat 10% van die inhoud vir graad 10 en 11 kan insluit. Die inhoud vir graad 10 en 11 sal ook as basiese onderliggende kennis beskou word.

- Die eksamen sal volledig aandag gee aan die inhoud, kennis en vaardighede wat in Kwartaal 1 tot 4 in graad 12 gedek is.

- Verskeie soorte vrae sal ingesluit word en dit sal hoofsaaklik fokus op die toepassing van kennis op 'n geïntegreerde wyse.

- Die vraestel kan ook inhoud insluit wat op Liggaamlike Opvoeding betrekking het.

- Hierdie vraestel word in DRIE afdelings ingedeel:

  - AFDELING A en B is VERPLIGTEND.
  - AFDELING A bestaan uit drie of meer verskillende soorte vrae wat kort antwoorde en verduidelikings vereis.
  - AFDELING B bestaan uit twee 20 punt-vrae waarop leerders direkte antwoorde moet verskaf.
  - AFDELING C bestaan uit drie 20 punt-vrae waarvan leerders TWEE vrae moet beantwoord.

## 2.2 Uiteensetting van die eksamen

Die uiteensetting hieronder sal by die opstel van die Lewensoriëntering-vraestelle gevolg word.

| AFDELING A: 20 PUNTE | AFDELING B: 40 PUNTE | AFDELING C: 40 PUNTE |
|---|---|---|
| Al die vrae is **VERPLIGTEND**. | Al die vrae is **VERPLIGTEND**. | Leerders sal **TWEE** 20 punt-vrae uit DRIE beantwoord. |
| • 'n Kort bron kan gebruik word om sommige van die vrae in konteks te plaas.<br>• Die vrae moet 'n kombinasie van DRIE of meer tipes vrae uit die lys hieronder insluit:<br>o Meervoudigekeuse-vrae<br>o Eenwoord-antwoorde (maak 'n lys, noem, verskaf, gee)<br>o Definisies<br>o Kort verduidelikings (waarom, hoe, beskryf, verduidelik, bespreek)<br>• Vrae moet begrip en feitelike kennis toets.<br>• Antwoorde moet kort en direk wees.<br>• Puntetoekenning vir die vrae moet van 1–2 punte strek. | • Leerders sal **TWEE** 20 punt-vrae beantwoord. Kort oop-einde-vrae kan wees:<br>o Scenario-gebaseerd<br>o Brongebaseerd<br>o Gevallestudie<br>o Strokiesprent<br>o Illustrasie<br>o Grafiek<br>• Vrae moet kennis-gebaseerd wees uit inligting wat leerders uit die Lewensoriëntering-inhoud in die VOO-band verkry het.<br>• Leerders moet kennis en vaardighede wat uit die Lewensoriëntering-inhoud verwerf is, toon, aanbied en toepas.<br>• Puntetoekenning vir vrae in hierdie afdeling kan van 2–4 punte in totaal per vraag strek. | • Vrae sal hoofsaaklik op die toepassing van kennis en vaardighede fokus.<br>• 'n Kort teks/diagram/data/grafieke/strokiesprente kan as 'n stimulus verskaf word.<br>• Daar sal van leerders verwag word om die volgende te doen:<br>o Verduidelik/ondersoek/analiseer/evalueer/bespreek 'n onderwerp krities<br>o Neem besluite en gee raad<br>o Maak aanbevelings<br>o Maak gevolgtrekkings<br>o Los probleme op<br>• Leerders moet antwoorde verskaf deur die uitgebreide skryf van beskrywende paragrawe of kort opstelle.<br>• Puntetoekenning vir subvrae in hierdie afdeling kan van 4–8 punte in totaal per vraag strek. |

**LET WEL:** Indien daar van leerders verwag word om 'n kort opstel te skryf, moet die struktuur van die opstel 'n inleiding, uitbreiding/liggaam en slot insluit, **gebaseer op die spesifieke sleutelkonsepte** in die vraag.

## 2.3 Kognitiewe vlakke

Die voorgestelde gewigswaarde van die kognitiewe vlakke vir die vraestel is soos volg:

| GEWIGSWAARDE | KOGNITIEWE VLAK | BLOOM SE TAKSONOMIE |
|---|---|---|
| 30% | Laer orde | Vlak 1 & 2 |
| 40% | Middel-orde | Vlak 3 & 4 |
| 30% | Hoër orde | Vlak 5 & 6 |

**MOEILIKHEIDSGRAAD VAN VRAE**

- In Bloom se taksonomie kan dieselfde aksie-/werkwoord, bv. 'verduidelik', 'beskryf', 'vergelyk', afwisselend in verskillende kognitiewe vlakke gebruik word.
- Die samestelling van die vraag sal aandui of dit 'n laer-, middel- of hoërorde-vraag is.
- Verder moet daarop gelet word dat die moeilikheidgraad van 'n vraag binne elke kognitiewe vlak kan wissel van **maklik** na **gemiddeld** na **moeilik** omdat dit die denkprosesse wat vereis word, weerspieël.
    - Byvoorbeeld, alhoewel 'noem' op die laagste vlak van Bloom se taksonomie is, kan dit 'n dieper begrip en toepassing van kennis vir 'n spesifieke vraag vereis en nie slegs die herroep van kennis nie.
    - Dieselfde kan op 'evalueer' van toepassing wees, wat op die hoogste vlak van Bloom se taksonomie is, waar die vereiste denkproses minder ingewikkeld vir een spesifieke vraag kan wees, maar meer ingewikkeld vir die volgende vraag.

**LET WEL:** Verwys na vorige eksamenvraestelle en nasienriglyne vir voorbeelde.

## 2.4 Taksonomie van denkvaardighede

Die tabel hieronder verskaf die ses kategorieë in Bloom se taksonomie, die kognitiewe vereistes wat vereis word en voorbeelde van die aksie-/werkwoorde wat daarmee verband hou.

| VLAKKE VAN KOGNITIEWE VEREISTES | | | |
|---|---|---|---|
| | **Kategorie** | **Definisie** | ***Aksiewoorde** |
| *Laer orde* | *Kennis*<br>*Vlak 1* | Vermoë om inligting, feite, begrippe en basiese konsepte wat voorheen geleer is, te onthou | Vertel, resiteer, lys, memoriseer, kies, onthou, definieer, vind, gee, pas, herroep, herhaal, noem, uiteensit |
| | *Begrip*<br>*Vlak 2* | Toon 'n basiese begrip van feite en idees<br>Verduidelik of herformuleer in ander woorde; gee beskrywers | Gee voorbeelde, verduidelik, som op, toon, definieer, beskryf, bespreek, identifiseer, interpreteer, lei af, vergelyk, kontrasteer, demonstreer, klassifiseer, omskryf |
| *Middel-orde* | *Toepassing*<br>*Vlak 3* | Gebruik inligting in 'n nuwe of ander situasie/manier deur kennis wat in een situasie geleer is, op 'n ander toe te pas | Demonstreer, pas toe, gebruik, lei, teken, rangskik, illustreer, spoor op, konstrueer, los op, beplan |
| | *Analise*<br>*Vlak 4* | Ondersoek en verdeel inligting in dele en verstaan hoe dele met die geheel verband hou<br>Verstaan motiewe of oorsake | Ondersoek, klassifiseer, kategoriseer, vergelyk, los op, verbind, vors na, kontrasteer, onderskei, lewer verslag oor, sorteer, debatteer |
| *Hoër orde* | *Evaluering*<br>*Vlak 5* | Beoordeel die waarde van iets met betrekking tot kriteria en motiveer die oordeel<br>Lewer en verdedig menings deur uitsprake te maak oor inligting, geldigheid van idees of die kwaliteit van iets | Beoordeel, evalueer, gee mening of standpunt, prioritiseer, beveel aan, kritiseer, bespreek, vergelyk, verdedig, assesseer, bekragtig, verklaar, besluit, skat, voorspel, gradeer, kies, ondersteun, regverdig, argumenteer, som op, waarom dink jy |
| | *Skepping/*<br>*Sintese*<br>*Vlak 6* | Hervorm individuele dele om 'n nuwe geheel te vorm | Ontwerp; skep; beplan; beveel aan; maak 'n hipotese; konstrueer; voorspel, herrangskik dele; verbeel; genereer; stel saam; verbeter; voorspel; formuleer; hersien/herskryf; ondersoek; ontwikkel |

* Sommige van die aksiewoorde is omruilbaar afhangend van die aard van die vraag.

## 3. DIEPTE/OMVANG VAN DIE INHOUD

Die diepte van die inhoud verwys na die mate waartoe daar op 'n onderwerp gefokus is en dit ondersoek word. Dit help om die diepte van die leerproses te bevorder namate leerders hul kennis van die inhoud ontwikkel. Dit help ook om die toepaslike inhoud aan die leerder se werklike lewenservarings te verbind.

Die volgende VOORBEELDE kan as 'n riglyn gebruik word wanneer die diepte van die inhoud behandel word:

| | | |
|---|---|---|
| *Definisie van konsepte | Oorsake | Gevolge |
| Impak | Effek/Invloed | Waarde |
| Belangrikheid | Doel | Redes |
| Faktore | Oplossings | Praktiese strategieë |
| Resultaat/Uitkomste | Motief | Bewyse |
| Voordele | Voorspel | Onderskei |
| Vergelyk | Aksies | Gevolgtrekking |
| Afkeur | Projekteer | Funksies |
| Verskil | Prioriteite | Keuses |
| Adviseer | Intervensies | Goedkeur |
| Ooreenkomste | Konneksie tussen | Besluite |

**VOORBEELDE:**

Klasbesprekings oor 'n onderwerp en subonderwerp, soos **'Menslike faktore wat slegte gesondheid veroorsaak: bydraende faktore: ongesonde seksuele gedrag'**, sou byvoorbeeld insluit:

1. Die definisie van elke sleutelkonsep, bv. ***slegte gesondheid, onveilige seksuele gedrag***
2. Bespreek redes waarom hierdie tipe gedrag steeds onder die jeug voorkom.
3. Assesseer die negatiewe gevolge van ongesonde seksuele gedrag op die lewe van 'n jong persoon.

***LET WEL:**
- Konseptuele leer word beskou as die basiese kennis wat leerders benodig om 'n dieper begrip en kennis van die vakinhoud te bevorder sodat hulle beter in staat kan wees om dit wat hulle geleer het, oor te dra en op nuwe situasies toe te pas.
- **Onderwysers moet na die eksamenvraestelle en nasienriglyne vir 2017–2020 verwys vir meer voorbeelde en leiding EN hierdie vraestelle en nasienriglyne gebruik as 'n onderrig-instrument om inhoud meer effektief te onderrig.**

## 4. PUNTETOEKENNING

- Dit is belangrik om die <u>puntetoekenning</u> tussen hakies te bestudeer voordat 'n vraag beantwoord word, om te bepaal hoe punte toegepas sal word.
- Die puntetoekenning is ook 'n aanduiding van die formaat, diepte/omvang en lengte van die antwoord wat vereis word:

### UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING

Die **eerste** getal is die **<u>beperkende</u>** getal wat die vereiste **<u>aantal</u> feite/stellings/ opinies** aandui.

(**<u>2</u>** x 1) of (**<u>3</u>** x 2)

(1 x **<u>2</u>**) of (2 x **<u>3</u>**)

Die **tweede** getal dui **die <u>PUNT</u>** aan ten opsigte van die **<u>DIEPTE/OMVANG</u>** van die antwoord wat vereis word.

Hierdie puntetoekenning dui **<u>TWEE</u> instruksies** binne een vraag aan.

(1 **<u>+</u>** 2)

(2 x **<u>3</u>**)

Hierdie puntetoekenning dui aan:

1ste punt **feit/stelling/opinie** (✓)
2de punt **motivering** (✓)
3de punt **resultaat/uitkoms** (✓)

dit wil sê, vir **<u>ELK</u>** van die antwoorde

Hierdie puntetoekenning kan die volgende aandui:

1ste punt **feit/stelling/opinie** (✓)
2de punt **uitbreiding/verduideliking** (✓)
3de punt **motivering** (✓)
4de punt **resultaat/uitkoms** (✓)

wanneer krities bespreek word.

**OF**

Evalueer, wat die *positiewe* en *negatiewe* moet insluit:

1ste punt **vir die 1ste feit/stelling/opinie** (✓)
2de punt **motivering** (✓)
3de punt **vir die 2de feit/stelling/opinie** (✓)
4de punt **motivering** (✓)

(1 x **<u>4</u>**)

* Voorbeeld: Evalueer/Bespreek krities die implikasies van gratis hoër onderwys vir alle voornemende studente. (**<u>2</u>** x 4)

*** LET WEL: Leerders <u>MOET</u> ook geleer word hoe om 'n vraag <u>op te breek/ analiseer</u> sodat hulle die vrae verstaan en doeltreffend kan beantwoord.**

## 5. Inhouds- en konteksriglyne

Die oorsig van onderwerpe hieronder word in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) verskaf om onderwysers te help om leerders voor te berei op die fundamentele kennis en konsepte wat nodig is vir die graad 12 Algemene Assesseringstaak. Verwys ook na die Jaarlikse Onderrigplan (JOP) vir ALLE onderwerpe, subonderwerpe en inhoud wat per kwartaal behandel moet word.

| ONDERWERP | GRAAD 12 |
|---|---|
| 1. Selfontwikkeling in die samelewing | • Lewensvaardighede wat nodig is om aan te pas by verandering as deel van deurlopende gesonde leefstylkeuses<br>• Streshantering<br>• Konflikoplossing<br>• Menslike faktore wat slegte gesondheid veroorsaak<br>• Plan van aksie vir lewenslange deelname aan 'n fisiese aktiwiteit |
| 2. Sosiale en omgewings-verantwoordelik-heid | • Omgewings en dienste wat veiligheid en 'n gesonde leefwyse bevorder<br>• Verantwoordelikhede op verskillende regeringsvlakke<br>• 'n Persoonlike missiestelling vir die lewe |
| 3. Demokrasie en menseregte | • Verantwoordelike burgerskap<br>• Die rol van die media in 'n demokratiese samelewing<br>• Ideologieë, religieë en wêreldsienings met betrekking tot ontspanning en fisiese aktiwiteit oor kulture en geslagte heen |
| 4. Loopbane en loopbaan-keuses | • Verbintenis tot 'n besluit wat geneem is: vind gepaste betrekking-/ werk- of studiegeleenthede in verskeie bronne<br>• Redes vir en die impak van werkloosheid en innoverende oplossings om werkloosheid teen te werk<br>• Kernelemente van 'n werkskontrak<br>• Verfyning van die portefeulje vir planne vir die lewe na skool |
| 5. Studie-vaardighede | • Nabetragting van eie studie- en eksamenskryfvaardighede<br>• Belangrikheid van skoolgebaseerde assessering/die verwerwing van die NSS<br>• Strategieë om te volg om sukses in graad 12 te verseker |
| 6. Liggaamlike Opvoeding | • Bereiking van eie persoonlike fiksheids- en gesondheidsdoelwitte<br>• Langtermynverbintenis aan tradisionele en/of uitheemse sport of speelgrond en/of samelewing en/of inheemse speletjies vir ontspanning en rekreasie<br>• Veiligheidskwessies<br><br>***LET WEL: Liggaamlike Opvoeding kan vir 'n halfuur per week of een uur tweeweekliks aangebied word, afhangend van die rooster van die skool en dit sal in graad 12 formeel in Kwartaal 1 en 2 geassesseer word.** |

## 6. HULPBRONNE

- Die eerste en belangrikste hulpbron wat vir die beplanning en onderrig van die Lewensoriëntering-inhoud gebruik moet word, is die KABV-dokument saam met die gewysigde Jaarlikse Onderrigplan vir graad 12 en die Program van Assessering.
- Handboeke: Onderwyser word aangemoedig om die handboeke wat deur die DBE goedgekeur is en wat aan die vereistes van die KABV vir Lewensoriëntering (2011) voldoen, te gebruik.
- As gevolg van die doelwitte en die aard van Lewensoriëntering is dit belangrik om daarop te let dat 'n handboek slegs EEN van baie hulpbronne is wat gebruik moet word wanneer die vakinhoud in die klaskamer bemiddel word.
- Daarom moet onderwysers kontemporêre, lewensgetroue kwessies by die Lewensoriëntering-inhoud inwerk, deur die gebruik van die internet, die jongste koerant- en tydskrifartikels en ander relevante hulpbronne in die onderrig van die vak.

## 7. NASIENRIGLYNE

- Die nasiener moet die vraestel versigtig deurlees en sleutelinstruksies in vrae onderstreep/omkring voordat nagesien word.
- Volg die nasienriglyne streng en gee krediet aan leerders wat goed beredeneerde en gemotiveerde antwoorde en standpunte wat die spesifieke vraag beantwoord, verskaf, en wat skakel met moontlike antwoorde in die nasienriglyne.
- Wanneer punte in AFDELING B en C toegeken word, moet leerders in volsinne antwoord.
- In die 3 of 4 punt-vrae moet en kan leerders 4, 3, 2 en 1 of 0 punt(e) verdien, afhangend van die graad van antwoorde wat gegee is.
- In alle antwoorde wat die leerders gee, moet onderskeid getref word tussen uitstekende, goeie, bevredigende en swak antwoorde.
- 'n Regmerkie (✓) moet geplaas word langs die feit waarvoor dit toegeken word om globale nasien te voorkom.
- 'n Regmerkie (✓) is gelyk aan een punt.
- Die puntetotaal vir onderafdelings moet aan die regterkant van die antwoordblad aangedui word.
- Die puntetotaal vir elke afdeling moet aan die linkerkant van die antwoordblad aangedui en omkring word.
- Die totale punt vir elke afdeling moet oorgedra word na die einde van die leerder se skrif en bymekaargetel word, bv.:

A 18
B 30
C 30
Totaal = 78

- Die finale punt vir die vraestel moet oorgedra word na die voorblad.
- Die onderwysers wat verantwoordelik is vir nasien of moderering van skrifte, moet elke skrif wat hy/sy nagesien het, onderteken en dateer aangesien die nasiener en moderator aanspreeklik is vir navrae in verband met die uitkoms van punte wat toegeken is.

Voorbeeld van punte wat na die voorblad oorgedra is:
Naam van leerder: John Doe

78
100

- **Die nasien van die Finale Eksamen van die NSS-Lewensoriëntering-AAT moet by 'n gesentraliseerde nasiensentrum gedoen word.**

## 8. SLOT

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Kopiereg voorbehou